PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

DIE 5de NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN-LESING

"Die rol van die Nasionale Ontwikkelingsplan-visie 2030 en die impak daarvan op die transformasie van die sosio-ekonomiese en politieke lewe van vroue ná 1994 in die Republiek van Suid-Afrika"

ZK MATTHEWS-SAAL

WINNIE MADIKIZELA-MANDELA-GEBOU, UNISA, PRETORIA

4 Oktober 2019

Dit is my onmiskenbare eer en voorreg, namens die Raad, bestuur, personeel en studente van die Universiteit van Suid-Afrika, om die Minister in die Presidensie, Eerbare Minister Jackson Mthembu, by ons kampus en by hierdie grootse geleentheid te verwelkom.

Dit is my vertroue, Minister, dat u insette en idees ons sal help om te besin oor en insigte te verkry in wat ons regering beskou as sommige van die vorderings wat gemaak is sedert die begin van ons demokrasie wat betref die ontwikkeling van vroue.

Wat van groot belang is, is om die hardnekkige uitdagings te hoor wat ons as 'n nasie die hoof moet bied, en hoe die regering die uitdagings wil aanpak.

Hierdie besinnings en strategieë is belangrik vir ons as universiteitesgemeenskap, omdat ons daarvoor verantwoordelik is om, onder andere, mense te onderrig, en dus gegradueerdes te produseer wat kan bydra tot die vaardigheidspoel om die land by te staan om van die uitdagings wat deur die burgers in die gesig gestaar word, die hoof te bied.

Ons navorsingslewering, buiten dat sommige daarvan werklik oor die strewe na kennis gaan, moet die nasie bystaan om van die uitdagings te oorkom, of ten minste te verstaan.

Universiteite – wat dit bied en produseer – word dus gevorm en beïnvloed deur die gemeenskap. Net so kan universiteite die manier hoe die gemeenskap op die uitdagings reageer en dit aanpak, vorm en beïnvloed.

Maar vir ons om werklik wetenskaplik te wees in ons strewe na kennis en, by tye, oplossings vir die gemeenskap se uitdagings, moet ons altyd in staat wees om te reageer op van die realiteite wat ons op grondvlak in die gesig staar.

Ons kom vandag hier bymekaar in ’n tyd wanneer die nasie in ’n diepe, gesamentlike refleksie verkeer oor die boosheid van geslagsgebaseerde geweld en moorde op vroue en meisies. Die

moorde van Uyinene Mrwetyana en Leighandre Jegels het die stand van baie vroue in ons land beklemtoon wat daagliks geskend word.

Soos ek onlangs uitgewys het, terwyl Uyinene en Leighandre se sake nasionale en internasionale aandag geniet, ly duisende werkersklas- en arm vroue in beide stedelike as landelike gebiede daagliks deur die toedoen van mans, waarvan sommige hulle huweliksmaats is. Hulle sake geniet nie die aandag wat hulle verdien nie – hulle is die stille, en stilgemaakte, meerderheid.

'n Vlugtige kyk na sommige van die beskikbare studies oor geslagsgebaseerde geweld onthul 'n paar ontmoedigende feite. Baie studies is uitgevoer deur die Mediese Navorsingsraad oor die jare, en het die uitdaging gedokumenteer wat ons, as 'n land, in die gesig staar, teen die moord op vroue en meisies, en geweld teen kinders.[1]

Die 2018-studie deur Statistiek Suid-Afrika, *Crime against women in South Africa: an in-depth analysis of the victims of crime survey data*, dui aan dat die moordsyfer van vroue in Suid-Afrika in 2 000, vyf keer meer was as die wêreldwye gemiddelde, en afgeneem het om 'n laagtepunt in 2015[2] te bereik.

[1] Sien van die studies by http://www.samrc.ac.za/intramural-research-units/GenderHealth-current-projects (soos op 2 Oktober 2019).
[2] Statistics South Africa. 2018. *Crime against women in South Africa: an in-depth analysis of the victims of crime survey data*. https://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-40-05/Report-03-40-05June2018.pdf (soos op 2 Oktober 2019).

Sulke geringe verbeterings moet egter nooit gevier word nie. Die moord en skending van een vrou is een te veel. As ’n beskaafde gemeenskap moet ons nie hier vergader en gesels oor hoe vroue steeds onveilig voel in hulle tuistes, werkplek, universiteite en op straat nie.

Veiligheid is die geboortereg van elke vrou.

Sommige van u mag dalk vra waarom ek hierdie kommerwekkende tendense in ’n lesing beklemtoon wat veronderstel is om te fokus op die sosio-ekonomiese ontwikkeling van vroue sedert 1994.

Daar is drie hoofredes waarom ons ’n bespreking oor sosio-ekonomiese ontwikkeling moet plaas binne die huidige realiteite wat vroue raak.

Eerstens, en soos ek vroeër uitgewys het, sal dit onwetenskaplik wees om dit wat rondom ons gebeur te ignoreer. Enige ontwikkeling in die gemeenskap, en intellektuele refleksies wat daarmee verband hou, moet gevestig wees in die ervarings van diegene wat deur gebeure in daardie gemeenskap geraak is. Dus, in sy kritiek oor die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP) redeneer die Kommissie vir Geslagsgelykheid (CGE) dat die NDP “onderverdeelde geslagsdata benodig om die krisisproporsies te beklemtoon wat

geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika aangeneem het, en om geslagsgebaseerde geweld te hanteer moet iets wees wat vir ingryping geprioritiseer moet wees"[3] – eie vertaling.

Tweedens word universiteite geraak deur die voorkoms van geslagsgebaseerde geweld. Volgens Finchilescu en Dugard (2018) is studente die oorheersende slagoffers van geslagsgebaseerde geweld in ons universiteite.[4]

As 'n visekanselier kan ek nie bekostig om stil te bly wanneer ek 'n geleentheid kry om my teen hierdie boosheid uit te spreek nie. Ons moet elke geleentheid gebruik om stemme van protes te lug, en ons daartoe verbind om die ruimtes en invloed wat ons het te bepleit vir die veiligheid van ons studente en vroulike kollegas.

Die derde rede waarom ek die boosheid van geslagsgebaseerde geweld beklemtoon, is omdat hierdie kommerwekkende realiteit reflekteer hoe die gemeenskap steeds gevorm word deur partriargale idees van vroue wat nie gelyke behandeling en dieselfde geleenthede as mans verdien nie. Wat dus uitdrukking vind in die agterwaartse en

[3] Commission for Gender Equality. 2014. *Gender analysis of the National Development Plan Vision 2030*. http://www.cge.org.za/wp-content/uploads/2014/05/NDP-integrated-analysis-FINAL-2-gender-analysis.pdf (soos op 2 Oktober 2019).
[4] Finchilescu, G & Dugard, J. 2018. Experiences of gender-based violence at a South African university: prevalence and effect on rape myth acceptance. *Journal of Interpersonal Violence*. https://doi.org/10.1177/0886260518769352 (soos op 2 Oktober 2019).

gewelddadige tendense weerspieël die subtiele en weggesteekte voortbestaan van die ongelykheid en marginalisering van vroue in die ekonomiese ontwikkelingsruimte.

Gekombineerd met rasse- en klasdinamika ontstaan ’n gedifferensieerde stelsel waar middelklas-vroue moet worstel teen die glasplafon in die korporatiewe sektor, terwyl werkersklas-vroue, in sowel townships as in landelike gebiede, moet worstel teen die daaglikse realiteite van marginalisering en ’n gebrek aan toegang tot die hefbome van die ekonomie.

Daarom wil ek graag kortliks kyk na sommige van die areas wat ek dink aandag benodig wanneer daar met die NDP gewerk word.

Met ’n werkloosheidsyfer wat op 29% staan in die tweede kwartaal van 2019,[5] behoort daar verwag te word dat vroue hulleself onderaan die geleentheidsleer sal bevind.

Terwyl die Minister dalk bekend is met meer onlangse statistieke, dui die nuutste ontleding van Statistiek Suid-Afrika wat ek kon vind op die skrille realiteite wat vroue steeds in die gesig staar. Byvoorbeeld, in een waarneming word daar gestel dat “buiten die lae

[5] Statistics South Africa. 2019. Quarterly Labour Force (QLFS) – Q2: 2019 (media release). http://www.statssa.gov.za/?p=12370 (soos op 2 Oktober 2019).

werkloosheidsyfers onder vroue, ’n groot deel van Suid-Afrikaanse vroue-werkers steeds in poste gekonsentreerd is waar daar min vaardighede benodig word en die betaling min is. Vroue dra ook die las om onbetaalde werk te doen” – eie vertaling.[6]

Die Statistiek Suid-Afrika-verslag wat ek so pas aangehaal het, stel verder dat daar verskeie faktore is wat die ekonomiese geslagsgaping handhaaf. Dit sluit die volgende in:

- vroue wat in landelike gebiede woon en vir wie dit dikwels moeilik is om dieselfde onderrig en vaardighede as mans te verkry
- ongelyke geslagstoegang tot sake- en finansiële dienste
- ’n groot proporsie van vroue wat beperkings ervaar wat hulle vermoë om bates te besit en te beheer, beperk[7]

Terwyl werkersklas- en arm vroue steeds moeilike omstandighede in die gesig staar, moet middelklas-vroue ook ’n verskeidenheid uitdagings die hoof bied in hulle poging om die glasplafon te breek. Die prentjie blyk anders te wees tussen die privaat en openbare sektore.

[6] Statistics South Africa. 2019. Gender Series Volume 1: Economic Empowerment, 2001–2014. http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-04/Report-03-10-042014.pdf (soos op 2 Oktober 2019).
[7] Ibid.

Met ’n mikpunt om ’n 50%-verteenwoordiging van vroue in senior posisies te kry, blyk die openbare sektor goed op dreef te wees om daardie eerbare doelwit te bereik, hoewel daar uitdagings is.[8]

Die privaat sektor het egter nie so goed gevaar nie. ’n Verslag wat deur die ouditfirma PwC vroeër vanjaar vrygestel is, toon dat daar steeds baie werk gedoen moet word in die privaat sektor. Byvoorbeeld, slegs 3.31% van die hoof uitvoerende beamptes van sommige van die groot maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, is vroue.[9]

Van die geslagsongelykhede wat gevind is, sluit in die feit dat:

- daar vergoedingsgapings ten gunste van mans is in die gesondheids-, tegnologie- en finansiële sektore, en
- dat wit mans steeds oorheers as hoof uitvoerende beamptes. Dit beteken dat vroue, veral swart vroue, hulleself heel onder aan die leer bevind.

[8] Kahn, SB & Motsoeneng, RP. 2014. Gender equality in the South African public service: ideal or reality? *Journal of Public Administration*, 9(4):1060–1082.
[9] PwC. 2019. Executive directors: practices and remuneration. https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/executive-directors-report-2017.pdf (soos op 2 Oktober 2019).

Hierdie en die statistieke wat deur baie organisasies saamgestel is, toon dat daar steeds ’n lang pad voorlê vir vroue om gelyke deelnemers aan die ekonomie te raak.

Wat egter nie misgekyk moet word nie is dat daar baie bereik is om die geslagsgaping sedert 1994 te verminder. Ons land “worstel” steeds met die nalatenskap van apartheid, waar swart mense en vroue gemarginaliseer is van ekonomiese aktiwiteit oor die algemeen, en veral die eienaarskap en bestuur van sulke aktwiteite.

Die taak ná 1994 was dus baie groot; een wat met vasberadenheid en met ’n doelwit, veral deur die staat, gehanteer is. Baie moet egter steeds nog gedoen word.

Programdirekteur, teen die agtergrond wat ek so pas uiteengesit het, is daar ’n paar oorwegings wat ek graag wil maak wat ek dink kan bydra om die NDP se Visie 2030 ’n werklikheid te maak – as toevoeging tot wat baie ander organisasies en individue reeds voorgestel het.

Die eerste is om te kyk na die opskopkoers van meisies op hoërskool. Die opskopkoers, soos die Kommissie vir Geslagsgelykheid waargeneem het, is laer op laerskool. Dit verhoog op hoërskool. Sommige van die faktore wat geïdentifiseer is, sluit in seksuele

teistering, swangerskappe onder tieners en konserwatiewe sienings wat meisies keer om verder te gaan met hulle studies.[10]

Sowel die staat as die gemeenskap moet doelbewus die uitdagings aanpak wat meisies op hoërskool teëkom, sodat hulle dit aan die hoër onderwys kan artikuleer.

Die tweede ingryping wat moet plaasvind is om vroue-studente aan te moedig om die wye verskeidenheid van professionele en wetenskaplike strome in universiteite aan te gryp. Dit sal help om die vaardigheidsgebrek te verminder wat sommige mense waargeneem het as hindernis wanneer daar oorweeg word om vroue later in hulle loopbane te bevorder.[11]

Die staat, tesame met instellings van hoër onderwys, moet ’n toegewyde fokus ontwikkel op die loopbaanvooruitgang van vroue-studente. Dit sal verseker dat daar ’n genoegsame poel van vroue-gegradueerdes is wat in die professionele en wetenskaplike velde gekwalifiseerd is, wat dan gementor en bevorder moet word binne die openbare sowel as privaat sektore om uiteindelik hoër posisies te beklee.

[10] Commission for Gender Equality. 2014. Gender analysis of the National Development Plan Vision 2030. http://www.cge.org.za/wp-content/uploads/2014/05/NDP-integrated-analysis-FINAL-2-gender-analysis.pdf (soos op 2 Oktober 2019).
[11] Kahn, SB & Motsoeneng, RP. 2014. Gender equality in the South African public service: ideal or reality? *Journal of Public Administration*, 49(4):1060–1082.

Die derde ingryping, wat ’n direkte uitdaging aan instellings van hoër onderwys is, is om toestande te kweek wat bevorderlik, bemoedigend, stimulerend en ondersteunend vir vroue-studente is om in hulle gekose professionele strome te groei. Vroue-studente moet veilig voel om, byvoorbeeld, tot laat in die aand in die biblioteek te bly, wat ’n bevorderlike studieruimte is, in plaas van om huis toe of na hulle woning te haas uit vrees vir mishandeling.

Die vierde ingryping, wat reeds aan die gebeur is, is vir die staat om sy mikpunte te bereik dat 50% van senior bestuurders vroue is. Dit sal dien as motivering vir die miljoene jong meisies en vroue-studente wat strewe na ’n loopbaan in die openbare sektor. Wat belangrik is, is dat dit druk plaas op ander sektore van die gemeenskap – die privaat sektor en die nie-regeringsektor – om daarna te strewe om soortgelyke mikpunte te bereik.

Laastens moet die privaat sektor, wat die sleutel hou vir massiewe beleggings wat die ongebruikte ekonomiese geleenthede in die land kan ontsluit, onder druk geplaas word om die “glasplafon” te verwyder wat keer dat baie gekwalifiseerde en hoogs geskoolde vroue hulle potensiaal bereik.

Hierdie, en baie ander ingrypings, kan help om die ambisieuse en tog nodige doelwitte van die NDP Visie 2030 te bereik.

Minister, die Universiteit van Suid-Afrika is gereed om saam met die staat en u departement te werk om die land te help om sy potensiaal te vervul. Deur ons verskeie navorsingsentrums en instellings kan ons bydra tot die werk wat instellings van die staat doen soos Statistiek Suid-Afrika.

Ek sê dit want daar kan nooit enige deurdagte ontwikkeling wees wat nie gebaseer is en onderskraag is deur goeie navorsing en beleidsadvies nie. Dit is waar ’n instelling soos ons s’n kan help. Ek sien dus daarna uit om ’n bespreking hieroor te hê, soos wat ons van u hoor oor sommige van die prestasies wat sedert 1994 bereik is, en die planne wat voorlê om Visie 2030 ’n realiteit te maak.

Weereens, namens die Raad, bestuurders, personeel en studente van die Universiteit van Suid-Afrika, verwelkom ek vir u.

Baie dankie.